Langenhovenpark
Die GEMEENTE vir elke generasie

# OMGEE NUUS

## Sondag 12 Oktober 2025

**Erediens 09:00**
**Liturg:** Ds Chris Stoltz
**Teks:** Hosea 11
**Tema:** Het jy nog verdraagsaamheid?

**Aanddiens 18:00 (Kleinkerk)**
**Liturg:** Ds Chris Stoltz
**Teks:** Hosea 11
**Tema:** Het jy nog verdraagsaamheid?

**Lief & Leed**
Christo Schoeman, Sahara, is in die hospitaal
Cobus & Anneke Rossouw se seun, Johan, het 'n operasie ondergaan. Hy is tans nog in ICU.
**Verjaarsdae 80 en ouer**
Ronnie van der Merwe, Dries Niemand, verjaar 15 Oktober (87)
Annetjie Janse van Rensburg, Anjo, verjaar 16 Oktober (84)
Louise du Preez, Stirling Aftree-oord, verjaar 18 Oktober (83)

### KERMIS - VLEISVERKOPE
Daar is nog maalvleis en braaiwors te koop @ R110 p/kg.

### AKSIE AFGETREDENES
**Dinsdag 14 Oktober besoek aan Dirkie Harold se roostuin**
Ons het 'n bus gehuur en moet **stiptelik 9 uur** van die Kerk vertrek
Elkeen vat sy eie eet en drinkgoed wat ons in die tuin gaan geniet, nadat ons die rose besigtig het.

### AKSIE OLYFTAK
**Dinsdag 21 Oktober 10:00 – Kleinkerk**
Kom maak van die dienste gebruik soos bloeddrukmeting, suiker toetsing en voetsorg. Kom kuier lekker saam en geniet 'n koppie tee. Indien vervoer benodig word, kontak die Kerkkantoor.

### LINTBORDUURWERK
Die 2 pragstukke is op die Nagmaal tafel uitgestal, kom maak gerus 'n draai en kyk daarna. Daar is 'n lys beskikbaar waarop jy 'n aanbod kan maak.

## NOODSPENS

Woensdag 15 Oktober word daar weer kospakkies opgemaak. Donasies van enige nie-bederfbare voedsel asook toiletware is baie welkom. Donasies kan by die Kerkkantoor afgelewer word.

## POEDING SKEPLEPELS

Daar is ‘n paar poedinglepels, van die mense wat help poeding skep wat agter gebly het. Die lepels is op die kas in die kombuis, waar dit afgehaal kan word.

### 2DE HANDSE SKOOTREKENAAR

Thabo wat werksaam was by die Kerk en intussen oorlede is, se dogter studeer tans. Haar studies vereis dat sy ‘n skootrekenaar moet gebruik. Indien iemand dalk kan help, kontak die Kerkkantoor of ds Riaan Stander.

## SONDAG 19 OKTOBER

09:00 Erediens – ds Leon Oosthuizen

18:00 Aanddiens – ds Leon Oosthuizen

19:00 Kerkraadsvergadering

## JEUG

09:00 Kleuterkerk – Lokaal 2
09:00 Kinderkerk – Kleinkerk
10:00 JOG – Kleinkerk
10:00 TvC – Kerkgebou